
Geraamtes op die Duine
deur
Braam le Roux
PRONKBOEKE
NO 12
Temmers van die Woestyn

## INHOUDSOPGAAF


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I. | Die Spookruiter - - - - | 7 |
| II. | Onheil Rammel Nader - - - - | 21 |
| III. | Spore in die Sand - - - - | 36 |
| IV. | Skote in die Nag - - - - | 51 |
| V. | Snikke uit die Grot - - - - | 65 |
| VI. | Die Groot Dors - - - - | 80 |
| VII. | Hoefslae in die Nag - - - - | 95 |

HOOFSTUK I

# DIE SPOOKRUITER

KOERT RAHN hou sy sweetvos in.
Sy hand rus op sy rewolwerkolf.

Hy staar vlugtig om hom heen. Daar lê 'n vretende onrus binne-in hom. Selfs die perd speel heen en weer met sy ore. Langs die dowwe pad staan doringbome dig teenmekaar en verder op, teen die helling van die berg, is hulle nog ruier. Agter Koert lê die Korannaberge blou-swart in die skemerlig. Voor hom lê die laaste heuwels voordat hy die plat vlakte sal bereik, bestrooi met derduisende los klippe en blink mika-stukke.

Koert Rahn is ongeveer tien myl van Duits-Suidwes se grens af, en Koert Rahn dwaal al ver die afgelope week in hierdie wêreld rond op soek na'n man wat hom vyfhonderd pond in die sak kan bring. Koert is moeg en afgemat, maar hy het besluit om in hierdie geweste te bly totdat hy weer 'n spoor kry van die Geheimsinnige Ruiter op wie se hoof daar 'n losprys van vyfhonderd pond is.

Rahn het hierdie vreemde ruiter van die vlaktes, die bosse en die berge gesien, talryke kere al, maar altyd van ver af. Soms verskyn hy in die skemeruur teen die horison, maar verdwyn weer gou so geheimsinnig soos hy verskyn het. Die naturelle en Boesmans in die omgewing het die Geheimsinnige Ruiter met die naam Spookruiter gedoop. Maar vir Koert Rahn is hy die Geheimsinnige Ruiter, soos hy ook in Hohehatla bekend staan—die ruiter wat voëlvry verklaar is, die rower van perde en poskoetse.

Niemand weet presies wie hierdie Geheimsinnige Ruiter van die velde is nie. Niemand ken sy naam nie. Maar die magistraat van Upington het verlede jaar, 1896, reeds 'n bevelskrif uitgeskryf vir sy inhegtenisneming, lewend of dood, en Koert Rahn soek nou al byna 'n week na die vreemdeling wat bedags poskoetse beroof.

Koert spuug 'n bruin streep op 'n trassiebos en tuur dan weer voor hom uit waar 'n jakkals in die grys lig vinnig tussen die doringbome verdwyn. Nou haal Rahn sy waterbottel te voorskyn en drink lank. Sy adamsappel gaan op en neer. Hy hyg effens na sy asem toe hy die bottel voor sy mond weghaal en maar weer voor hom uitstaar.

Koert hou nie daarvan dat dit so stil moet wees in die skemeruur nie. Hy hou eintlik nooit van hierdie uur van die dag nie. Dit is so 'n somber uur. Die lewe lyk vir hom dan gewoonlik so vaal, so triestig, so leeg. Maar as dit so stil is, lyk hierdie vaal uur vir hom nog somberder.

Die perd trippel onrustig rond.

Rahn wonder vir die soveelste keer waar hierdie Geheimsinnige Ruiter hom skuilhou. Hy wonder hoe hy dit regkry om die poskoets so alleen-alleen aan te val en te beroof. Hy het al lankal gewonder wat die Spookruiter met die geld maak wat hy so in die hande kry.

Dalk skuil die Spookruiter dalk nog in die Korannaberge met sy derduisende van spelonke, maar dit is altyd hier by die heuwels waar hy die poskoets aanval. Hier moet die poskoets deur die bosse kronkel, deur die heuwelruggens, en dan slaan die geheimsinnige Spookruiter gewoonlik toe.

Rahn skuif die geweer oor sy skouer reg en neem die teuels weer op. Die vos is moeg, maar hy slof geduldig in die sandpad af. Die donkerte begin nou vinnig toesak. Agter Rahn, tussen die voue van die Korannaberge, lê die klein gehuggie van Hohehatla. Maar daardie ou dorpie is reeds vyftig myl agter hom. Die ander naaste dorpie van waar hy hom nou bevind, lê feitlik in die droogste deel van die Kalahari-woestyn, vyf myl aan die ander kant van die Duitse grens. Rahn bevind hom dus self ver van die naaste witmense af. Hier is wel baie Vaalpense in hierdie omgewing, maar hulle is so skugter soos dassies, en dit gebeur net af en toe dat hulle 'n eensame ruiter sal aanval en doodmaak. Vir etlike weke al is hulle en die woestyn getuies van die botsing in hierdie geweste tussen mens en mens . . . of liewer van die mense van die poskoets en daardie een, die Geheimsinnige Ruiter met die swart masker.

Die windjie begin koud teen Rahn aanwaai. Die onrus in hom neem toe. Hy ry nou teen 'n heuwel op, en sy ore en oë is wawyd oop. Netnou het hy geluister na daardie lang weemoedsgetjank van die eensaamste van alle woestynbewoners, die strandjut. Daar trek geen enkele luggie nie. Daar woel ook ander gedagtes binne-in Rahn. Hy dink aan die losprys van £500 pond. Wat kan hy nie alles doen met daardie geld nie! Hy kan die een groot droom laat bewaarheid word. Hy kan sy grond, die grond wat hy van sy vader geërf het, aan die walle van die Grootrivier, naby Upington, terugkoop. En al wat hy moet doen, is om hierdie Geheimsinnige Ruiter op te spoor en dood te maak. Dit behoort vir hom maklik te wees, want hy wat Rahn is, is die vinnigste skut wat Upington en omstreke nog geken het. Hy het egter gehoor dat hierdie Geheimsinnige Ruiter net so blitsig is. Maar dit is seker nie daaroor dat hy onrustig voel nie. Dit is net die toenemende skemering wat nou wyk vir die donkerte wat uit die sanderige wêreld van nêrens af opkruip en die ganse landskap oorweldig.



Die sweetvos kies self sy pad tussen die struike en vaalbosse deur.

Ineens wip Rahn soos hy skrik. Dit het so onverwags gekom. Hy trek onwillekeurig sy asem diep in sy longe op, knip sy oë. Sy perd word lewendig onder hom.

Teen die laaste rooi glans aan die westerhorison waar die son reeds byna 'n halfuur gelede ondergegaan het, het 'n perd en ruiter verskyn. Vinnig stuur Koert Rahn sy vos tussen die hoër vaalbosse in.

Die perd staan roerloos daar op die horison met die ruiter fier op sy rug. So naby is die ruiter en perd dat Rahn kan sien hoe dat die perd sy stert heen en weer swaai. Dit lyk asof die ruiter ver voor hom uitkyk. Dit lyk kompleet asof sy blik hier op hom, tussen die vaalbosse, gevestig is. Daar lê ongeveer driehonderd tree bossiewêreld tussen Rahn en die ruiter wat sommer van nêrens af uit die woestyn verrys het. Op die rug van die heuwelronding waarop perd en ruiter staan teen die rooi gloed van 'n son wat al vergete ondergegaan het, lê die woestynsand dik, byna asof die woestyn besluit het om 'n sandduin bo-op daardie heuwelronding te maak.

Vir 'n oomblik weet Rahn nie wat om te doen nie . . . en dan onthou hy eensklaps die doel van sy sending. Dan weet hy ineens waarom hy hom in hierdie laat uur van die dag in die onherbergsame woestyn bevind. Hy dink slegs aan die £500. Vir geen enkele oomblik is sy gedagte by die skade wat die Ruiter aan die eienaar van die poskoets berokken nie. Rahn sukkel om die geweer van sy skouer los te woel. Sy asemhaling is skielik hees en hard, en as hy die slot van die Mauser vinnig ooptrek, bewe hy effens. Geruisloos seil hy dan uit die saal, sak agter 'n trassiebossie in. Hy stut sy elmboog op sy een knie en lê aan. Hy kan die korrel egter glad nie sien nie. Net soos hy sy wang teen die koue houtkolf vasdruk, is dit asof sy teiken beweeg. Maar as hy opkyk, staan perd en ruiter nog daar asof hulle onbeweeglik is soos die enkele granietblokke wat hier rondlê.

Koert Rahn versit effens. Hy sal nie weer hierdie geleentheid kry nie. Hy spring vinnig agter die trassiebos uit en sluip nader. Rats duik hy agter 'n rotsblok in. Hy vat dooie rus. Ja, die ruiter is nog daar. Hy uiter 'n vloekwoord in sy moedertaal. Dit is reeds te donker om die korrel en visier behoorlik te sien. As hy nie gou speel nie, is die Geheimsinnige nou-nou weg. Vir 'n oomblik wonder hy of hy nou na die regte persoon gaan skiet, maar dan twyfel hy nie meer nie. Wie anders as die Spookruiter sal so alleen in hierdie onmeetlike vlakte staan op hierdie uur van die aand, wanneer alles doodstil is in die woestyn?

Ineens is dit of Rahn se ore suis, ineens is dit asof dit tasbaar stil is, plotseling, asof die woestyn self sy asem ingetrek het om te wag vir die skoot, of die sand, die bosse en die rotse wag en kyk, soos hulle dag ná dag hier in die woestyn die stryd om lewe en dood tussen mens en mens, en mens en dier gadeslaan.

Koert Rahn se maer vinger krul om die sneller. Vir 'n oomblik is ruiter en perd en sy geweer een massa, 'n massa wat voor sy oë aan die bewe gaan.

Die skoot bars in die neerdrukkende stilte. Die koeël fluit deur die lug. Rahn spring haastig agter sy skuilplek op. Sy oë is op die horison gerig waar die perd en die ruiter 'n oomblik lank gestaan het, maar . . . nou is daar niks nie.



Dit is kompleet asof Rahn iemand hoor lag, uittartend, spottend. Wild kyk hy om hom rond. Agter hom is sy perd wat geduldig en getrou wag. Rahn vloek. Sy ore is toegeslaan, maar die gelag van 'n spotter is steeds in sy ore. Dit is asof dit die woestyn is wat lag. Hy prewel tot homself:

„Maar . . . maar ek moes hom raak geskiet het . . . ek moes!"

Rahn se liggaam bewe snaaks en hy voel lam. Hy vryf sy grys traanogies. En ineens voel sy lippe droog, soos kurk. Hy het die hele dag telkens 'n slukkie water gedrink, maar nou voel Koert ineens asof hy dae laas 'n druppel vog oor sy lippe gehad het. Ineens is hy ook bewus van 'n knaende honger en dit val hom ineens by dat hy vandag nog niks geëet het nie, en dat hy niks het om te eet nie.

Ineens is daar 'n ander emosie binne hom wakker . . . vrees vir die nag in die woestyn . . . vrees vir die eensaamheid. Daar was gedurig net een gedagte in sy kop gewees . . . £500, die Geheimsinnige Ruiter. So vuriglik het hy gedink aan die dood van die Geheimsinnige een hier in die woestyn dat hy vergeet het dat die Kalahari 'n meedoënlose monster is. Hy het glad vergeet dat hy hier van dors en honger kan omkom. 'n Uur gelede het hy nog daaraan gedink om 'n bokkie te skiet voordat dit donker is. Maar so naarstiglik het hy die dood van 'n ander gesoek, dat hy nie wou skiet nie, uit vrees dat hy die gejagte se aandag sou trek. Maar nou is hy alleen met sy dors en sy honger tot môre.

Hy sluk swaar. Sy ore is bot toe. Hy leun nog teen die rotsstuk en hy is ineens moedeloos moeg.

Maar hy moet gaan kyk of die Geheimsinnige Ruiter nie op die sanderige heuwelronding dood lê nie. Hy strompel vinnig na sy perd en klouter in die saal. Sy bene is ineens lam onder hom. Dit is snaaks hoe mens se kragte skielik ingee hier in die woestyn. Jy kom nie agter dat jy jou ooreis nie, want hier in die woestyn brand daar een gedagte binne-in jou . . . om jou vyand te dood en jouself te laat lewe. So onuitblusbaar was hierdie begeerte binne-in hom gewees dat hy vergeet het om te eet, te drink en te eet, en nou is dit te laat om kos te soek en water, en wanneer jou asem hyg van dors, en jou maag krampe kry van honger, dan help dit nie

om te probeer rus nie, want dan is die slaap ver, verder as die horison.

Die perd se hoewe val dof op die sand en kras oor die los klippe. Dit is kompleet of die sweetvos, Kracht, sy pote nie meer kan optel nie, of hy enige oomblik gaan neerstort op die aarde.

Koert se klein, grys ogies soek op die heuwelrug rond. Daar is geen teken van 'n ruiter nie. Hier voor hom lê die vlakte met struikgewasse wat yler groei, en 'n sandsteenkoppie doer in die verte, met 'n kruin so plat soos 'n tafel.

„Ek het my dit nie verbeel nie, Kracht," praat Rahn half met homself, half tot sy perd. „Die korrel was dodelik op hom. Dit . . . dit kan tog nie 'n spook wees nie, Kracht, of 'n lugspieëling nie!"

Koert klouter weer haastig van sy perd af en loop al op die heuwelrug langs. Hy kyk stip na die sand, maar daar is geen teken van 'n spoor nie.

Skielik sak hy moeg op sy knieë neer. Deur sy dowwe oë kyk hy na die tafelagtige rand op die vlakte, enige honderde tree van hom af. Hy gryp albei sy hande vol sand en laat dit dan deur sy vingers gly.

Dan, plotseling, val sy blik op die hoefmerke in die sand, 'n paar tree voor hom. Op sy hande en voete kruip hy nader. Hy gaan sit plat by die spore en besigtig dit met hygende asem.

Hier lê die spore van 'n perd diep in die sand. Mens kan sien dat die perd vinnig weggespring het. Hy het dus mis geskiet, of die ruiter of perd miskien net verwond. Daar kom 'n nuwe krag in hom op. Hy kruip op sy hande en voete rond, soek met oë wat op skrefies getrek het, na 'n teken van bloed . . . al is dit net een enkele bloedkol, maar daar is niks nie.

Hy sukkel op.

Om hom is alles donker. Hier links van hom tjank 'n jakkals en drie hiënas sukkel vinnig maar geruisloos voort 'n paar tree van hom af. Soos nagskimme beweeg hulle sonder om hulle groot koppe na hom toe te draai.

Rahn lag.

„Toe maar, môre is nog 'n dag, Spookruiter."



Die hiënas word deur die duisternis voor hom opgeswelg. Rahn se oë mik na 'n rotsstuk op die heuwelronding, half toegewaai deur die sand wat sag onder sy skoene „girts."

Kracht proes, skud sy groot kop en loop agter sy baas aan. Tot naby die groot rots sukkel Rahn. Sy geweer lê ver agter hom in die sand waar hy dit laat val het toe hy hier van die perd afgeseil het. Net sy rewolwer swaai heen en weer in die leerskede aan sy regtersy.

Ineens skop hy lomp teen iets. Daar is 'n klank soos harde stinkhoutblokke wat teen mekaar aanrol. Dan haak sy voet teen iets vas en hy stort neer.

Hy voel hoe klippe hom seermaak toe hy met die sand kennis maak. Oor hom proes sy perd. Rahn steun. Hy is tot sterwens toe moeg.

Koert kry iets in sy hand beet wat hy krampagtig vasklem. Dit breek in sy greep soos 'n verrotte stokkie. Hy gooi dit van hom af weg en sukkel op. Iets klinkel by hom as hy sy een been onder hom inskop . . . en dan sien hy waar hy sit.

Geen vyf duim van sy regterhand af lê 'n bleek, wit kopbeen, wat lank, lank gelede aan 'n lewende mens soos hy behoort het. Plotseling is dit weer 'n primitiewe vrees wat hom beetpak. Hy kan die tande sien, wit en kalkagtig; die hol oogkaste wat na die sterre gerig is wat daardie hol gate lank nie meer kan sien nie.

Fyn, bleek bene lê in die sterlig om hom. Hy tel 'n ribbebeen op, breek dit tussen sy vingers. Rahn ril en hy probeer orent kom . . .

Môre, oormôre kan dit hy wees hierdie, hierdie bondel bene wat verbleik hier op die sonverskroeide aarde; bleek, kaalgevrete mensbene, waarna die asende hiëna nie meer kyk nie, wat die aasvoëls uit hulle asemberowende hoogtes nie meer raaksien nie—mensbeendere wat oor nog enkele maande 'n wit vlek hier in die vaal-rooi sand sal wees.

Hy druk op sy hande om van die afgryslike geraamte af weg te kom . . . maar ineens is daar 'n stem wat die lug om hom vul. 'n Stem wat soos 'n sweepslag kraak. Instinktief beweeg Rahn se hand blitsvinnig na sy rewolwerkolf toe, maar dan volg daar 'n verblindende blits wat afskiet op hom. Daar is die klank van staal, en ineens is dit of iets sy hand

skroei. Sy rewolwer slinger weg van hom af; val voor die voorpote van sy dier wat runnik en sy kop terugruk.

Rahn is weer op sy knieë en sy hande druk op die skedel met sy leë oogkaste, en vir 'n oomblik is dit asof die bleek kopbeen na hom gryns, en dit is of die wit tande oopvlek in 'n skaterlag.

Die sand raas voor Rahn.

„Soen jou broeder,'' sê die stem hier by hom, 'n stem wat helder dra in hierdie donker aand. „Soen jou broeder, want jou liggaam sal langs syne verrot. Oor 'n maand of twee, as jy dit kon sien, sal nog 'n kopbeen hier teen die sterre grynslag . . . joue!"

Rahn steun as hy opstaan. Dit lyk asof sy liggaam weer dadelik wil opvou. Rahn het nooit enige vrees geken nie . . . nie vrees soos hierdie nie. Eers sien hy net 'n swart broek, dan 'n ewe swart hemp, 'n swart hoed . . . en dan 'n wit gesig met 'n swart baard, met 'n swart masker wat die oë bedek.

Rahn lek vinnig oor sy droë lippe.

Dit is hy . . . dit is hy, dink hy in koorsagtige haas. Dit is hy, die man na wie ek soek, die Geheimsinnige Ruiter wat my plaas aan my moes terugbesorg. Ek het hom dae lank gejag . . . hier is hy nou voor my . . . en hy gaan my skiet . . .

Met die laaste bietjie krag wat nog in hom oor is, beweeg Rahn vorentoe. Hy dink : Dit is miskien sy enigste kans. Hy moet waag. Hy durf die gemaskerde Geheimsinnige nie laat wegkom nie. Hy moet hom met sy blote hande aandurf. Hierdie man is korter as hy. Miskien kan hy hom oorrompel. Rahn se hande gryp vooruit. Hy het hom amper raak gevang. Nou verwag hy enige oomblik weer die knal van 'n rewolwer, en dan sal sy liggaam ruk asof 'n weerligstraal hom getref het. Dan sal dit verby wees met sy £500 en die plaas wat hy so vuriglik begeer.

Dit kraak, maar dit was nie 'n rewolwerskoot nie. Die Geheimsinnige se vuis tref hom teen sy kakebeen. Hy stort agtertoe. Sy gesig val weer naby die bleek kopbeen. Die los bene van die geraamte rinkinkel byna soos onaardse musiek,



Dit lag hier by hom, 'n skaterlag wat deur die aand weergalm. Hy ruk sy kop op en staar weer na die donker massa.

„Jy soek my, nie waar nie? Jy dool al dae lank hier rond. Jy het hierheen gekom om my dood te maak en bloedgeld te ontvang, nie waar nie? Daar was al voor jou kêrels wat probeer het, almal geldgieriges wat my dood kom soek het, maar hulle het almal hier in die woestyn gesterf. Die een wat net voor jou probeer het, se bene lê daar by jou. Jy lê feitlik op hulle. Ek het gesê : Nog oor twee maande lê julle albei hier op die heuwelrug onder die strale van die maan. As ek my vyande nie kry nie, sal die woestyn hulle kry. Jy weet die woestyn is aan my kant. Die woestyn het jou dronk gemaak!"

Koert Rahn sukkel weer om orent te kom. Dit is hopeloos. Hy kan niks teen hierdie man doen nie. Dit word nou reeds donker voor hom. Hy vryf sy ken toe hy waggelend op sy voete kom. Hy sien die Geheimsinnige Ruiter onduidelik voor hom, byna asof hy deur rimpelende, verstoorde water na hom toe blik.

„Jy is nogal 'n bietjie dapperder as die ander wat my hier in die woestyn kom probeer uitruik het."

Hierdie keer is die stem kalmer, en hy kom nader. Hy kom byna tot teenaan Rahn staan. Rahn maak sy mond oop om te praat.

„Ek gaan nie 'n koeël op jou mors nie, kêrel. Hier is nog baie woestynleeus. Miskien moet ek jou maar hier op die duin laat los. Vertel my : Wie is jy? Wat is jou naam?"

Rahn skud weer sy hoof en die beswyming wyk effens. Hy bal sy vuiste. Die man wat vir hom £500 in die sak kan bring, staan so naby hom. As hy hom net een hou onder die kakebeen kan slaan.

„My naam is Rahn, Koert Rahn. Ja, ek het gekom om jou dood te maak. Jy wat poskoetse aanval en mense beroof . . .!"

Sonder waarskuwing blits Rahn se regtervuis op. Dit tref die Geheimsinnige Ruiter die volgende oomblik op die kakebeen. Hy het daarin geslaag om die gemaskerde ruiter te verras. Dit is 'n harde hou en die Geheimsinnige word teruggeslinger. Daar kom 'n nuwe krag van nêrens in Rahn